BESONDERHEDE VAN OUER / VOOG:
Die volgende word in geval van mediese of hospitaalbehandeling benodig.
NAAM EN VAN; VAN OUER

_____

ADRES (Indien verskil van kind)

_____

TELEFOONNR (W) _____ (SEL) _____

BEROEP

_____

MEDIESE FONDS _____ LID NR _____

NAAM, ADRES & KONTAK NR VAN FAMILIELID / VRIEND

_____

_____

Geteken te _____ op _____ dag van _____2014.

Ouer / Voog: _____ (handtekening)

MAAK ASB SEKER DAT ONS JOU VORM EN KAMPGELDE HET VOOR DIE KAMP BEGIN.
ALTERNATIEWE REëLINGS MOET MET DIE KAMPLEIER GETREF WORD!

SURVIVORKAMP

Kamp vir alle Graad Agts en Neges

30 Junie – 4 Julie 2014

BADSELOOP

NAVRAE KAMPLEIER:

Ds Claudi le Roux	**072 769 2278**
E-pos:	**claudi.opperman@gmail.com**

INSKRYWINGS EN ADMIN NAVRAE:

Anita Hurn	**(015) 491 3537**
E-pos:	**admin@ngpottiessuid.org.za**

STUUR JOU INKRYWINGS NA:

Inskrywings SLUIT 19 Junie 2014 maak seker dat ons joune het!

Faks	**(015) 491 3537**
	086 547 2382
E-pos:	**admin@ngpottiessuid.org.za**

Liewe Jongmens

Kom deel in die AVONTUUR ERVARING, waar jy deur dinge wat jy ervaar en doen, meer van jouself en jou talente leer.

Die Ned. Geref Kerk bied hierdie avontuur ervaring vir ALLE graad agts en neges van ALLE kerke.

Inskrywings SLUIT 19 Junie 2014 maak seker dat ons joune het!

WAAR WORD DIE KAMP GEHOU? By Badseloop, ongeveer 13km suid van Naboomspruit

WANNEER? Vanaf Maandag 30 Junie tot Vrydag 4 Julie.

HOE KOM JY DAAR?

'n Bus vertrek Maandag 30 Junie om
09:00 vanaf Pietersburg - NG Pietersburg-Noord ***(Indien daar genoeg belangstelling is.Maak asb vooraf seker of daar wel busvervoer beskikbaar is)*** en
10:00 vanaf Mokopane - NG Hulp en Hoop Gemeenskapskerk

SORG DAT JY BETYDS BY DIE BUS IS!

Jou ouers is natuurlik welkom om jouself Badseloop toe te bring. Sorg net dat julle **NIE VOOR** 11:00 daar opdaag nie.

WIE GAAN DIE LEIDING NEEM?
Bekende leraars van die Ned. Geref. Kerk wat goed onderlê is, jonk van hart is en die Graad 8/9 kind baie goed ken, tree op as Geestelike leiers. Ons gebruik net ons beste en bekwaamste mense om die kamp vir jou onvergeetlik te maak.
Kampleier : Ds Claudi le Roux 072 769 2278

WAT GAAN ONS DAAR DOEN?
Jy gaan wonderlike dinge leer van jouself, van jou maats en jy gaan nie een lesing hê nie! Jy gaan avontuurlike dinge in die natuur doen en sommer baie pret hê … en nog ander verrassende dinge doen.

WAT KOS DIT?
R650-00 per persoon PLUS busgeld van **R120-00** vir die Pietersburg- en Potties bus. As jy in die NG Kerk is, doen gerus by jou kerkraad navraag oor subsidie. (Die NG Gemeentes in Mokopane subsidieer hulle kinders met 50% van die kampgelde.)

VERVOER TERUG
Ons busse sal jou DV weer aflaai op **Vrydag** 4 Julie om

- 10:30 Mokopane - NG Hulp en Hoop Gemeenskapskerk
- 12:00 Pietersburg - NG Pietersburg-Noord

Jou ouers kan jou weer vanaf 09:00 by Badseloop oplaai.

NOODGEVALLE
Indien u kind enige aandag t.o.v. allergie, siektetoestand, behandeling moet kry, moet u asseblief 'n nota saam met u kind stuur. Die kampleier se noodnommer is: Ds Claudi le Roux 072 769 2278. Onthou egter dat die opvangs op sommige plekke baie swak is. Laat gerus 'n boodskap sodat ons kan terug skakel.

WAT MOET JY SAAMBRING?

Jou Bybel
Slaapsak of beddegoed – daar is gemaklike beddens (bring genoeg – dit word nogal baie koud)
Eetgerei – bord, koppie, lepel, ens.
Gemaklike klere – onthou iets warm vir die aande. Gemaklike tekkies en 'n hoed vir die son
Swemklere vir die warmbron + sonbrandroom
Ou klere wat mag verniel + 'n dik baadjie vir pyn(t)bôl
Sakgeld – ons het 'n snoepie
NB:'n Sakkie beskuit om in te handig by die kombuis
'n Sitkussing
Jou eie tandeborsel EN toiletware
Musiekinstrumente bv. kitaar, dromme ens.
(Neem Kennis: GEEN SELFONE OF RADIO'S NIE!)

PERSOONLIKE BESONDERHEDE

Van: _____ **Noemnaam:** _____

Huisadres: _____

Posadres: _____

Skool : _____

Tel. (h): _____ **Sel :** _____

Geslag: M / V **Geboortedatum:** _____ / ___ / _____

Kerkverband: _____ **(NG, Herv ens.) Leraar:** _____

Gemeente: _____**(Hulp en Hoop Gemeenskapskerk, Potgietersrus-Oos)**

EK WIL GRAAG SAAM BUS RY VANAF (Merk asb duidelik)
☐ Pietersburg ☐ Potgietersrus ☐ Ek sal self daar kom

BETALING OPSIES:
(Merk asb duidelik wat van toepassing is tjeks aan **Ringsjeugkommissie**)

❑ Ingesluit my kampgeld van R _____
Plus busgeld R _____
TOTAAL R _____

Subsidie van R_____ word deur _____betaal

❑ Direkte inbetaling is gemaak in die volgende rekening:

Ringsjeugkommissie, Absa Bank, Tak nr 334348, Rekening nr 1210143978

As ons nie 'n definitiewe reëling t.o.v. kansellasie, ten minste 'n week voor die kamp begin van jou kry nie, sal geen kampgelde aan jou terugbetaal word nie.

VRYWARINGSVORM EN TOESTEMMINGSBRIEF :

Ek/Ons, die ouers/voog van _____gee hiermee toestemming dat my kind die Survivorkamp van 30 Junie – 4 Julie 2014 te Badseloop, totaal op eie risiko mag bywoon gee ook toestemming dat my kind met die bus / alternatiewe vervoer soos gereël deur die RJK mag ry na die betrokke kamp en ons vrywaar die Ringsjeugkommissie of kamppersoneel van enige aanspreeklikheid ten opsigte van beserings of ongelukke wat my kind mag opdoen, en enige gevolge wat daaruit mag voortspruit.
Sover ek weet verkeer my kind in 'n goeie gesondheistoestand. Ek versoek die verantwoordelike persone egter om te let op:

_____
(noem enigiets waaraan u kind ly of aktiwiteite waaraan hy/sy nie mag deelneem nie)

Geteken te _____ op _____/_____2014

_____
HANDTEKENING VAN OUER / VOOG